# Die nalatenskap van 'n besondere driemanskap

*P KAPP*[1]

Marie Koopmans-de Wet, FS Malan en Frans Engelenburg het na 1895 'n besondere driemanskap ontwikkel wat na Marie Koopmans-de Wet se dood op 2 Augustus 1906 tussen die ander twee bly voortbestaan het tot met Engelenburg se dood op 21 Augustus 1938. As bevestiging hiervan dien die artikel wat FS Malan nog in 1937 in *Die Huisgenoot* oor Marie Koopmans-de Wet geskryf het.[2] Die drie se besondere nalatenskap leef vandag voort in die pragtige Kaapse herehuis in Strandstraat 35[3] na haar vernoem. Studies is aan aspekte van al drie van hulle se lewens gewy maar die besondere vriendskap en verhouding tussen hulle blyk nou eers uit die Engelenburg-dokumente in die argief van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die nuutste studie is prof. FA Mouton se biografie van FS Malan.[4] Malan self het in 1924 in Nederlands 'n huldigingsbiografie oor Marie Koopmans-De Wet geskryf.[5] In werklikheid is die manuskrip gebaseer op die versameling dokumente van Marie Koopmans-De Wet wat Engelenburg oor die jare byeengebring het en was hy die man wat by Malan daarop aangedring het dat hy die werk moet voltooi. Die oorspronklike bedoeling was dat die boek reeds in 1912 moes verskyn het, maar Malan, wat as kabinetsminister uitgebreide openbare verpligtinge gehad het, het eers in 1924 die werk afgehandel. Die boek bied sporadiese blikke op die bestaan van 'n Driemanskap maar die werklike aard van die driemanskap moet uit die ander bronne bestudeer word. Linda Brink het reeds die eerste deel van 'n biografie van Engelenburg vir haar meestersgraad voltooi en tans behandel sy die res van sy lewensverhaal vir 'n doktorale proefskrif.[6]

## 1. Drie vriende

---

1 . Prof. Pieter Kapp is Besoekende Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis Universiteit van die Vrystaat.

2 FS Malan: Mev Koopmans-De Wet, *Die Huisgenoot, 28.5.1937.*

3 Die huis se nommer was oorpronklik Strandstraat 23 maar is vandag 35.

4 FA Mouton: Prophet without honour. FS Malan: Afrikaner, South African and Cape liberal. (Protea Book House, Pretoria, 2011).

5 FS Malan: *Marie Koopmans De Wet.* (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1924).

6 Linda Brink: 'n Biografie van die taalstryder FV Engelenburg tot met die stigting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. (Ongepubliseerde MA-verhandeling, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, 2010).

*Td Die Joernaal vir Transdissiplinêre Navorsing in Suider-Afrika,* 7(1) Julie 2011, pp. 159-166.

Al drie was vir die tyd waarin hulle geleef het hoogs begaafde geleerde en gekultiveerde mense wat groot aansien en 'n uitgebreide netwerk van vriende en kennisse gehad het. Al drie was vurige ondersteuners van Hollands-Afrikaans en as sodanig stryders vir Afrikaans. Al drie was sterk patrioties gesind, het die Britse optrede met die Jameson-inval en die Anglo-Boere-oorlog skerp veroordeel en al drie het sleutelrolle in die heropbou van die Afrikaner na 1902 gespeel al was Marie Koopmans-De Wet se rol van veel korter duur as die ander twee. Al drie het 'n sterk kuns en historiese aanvoeling gehad en baie van hulle gesprekke en samewerking het oor die behoud van historiese en kunsskatte gegaan. Tog was hulle al drie uiteenlopende persoonlikhede.

Marie Koopmans de Wet was 'n verfynde en ontwikkelde vrou wat vir die tyd 'n besondere opvoeding geniet het. Sy was een van die twee dogters van die vooraanstaande Kaapse regsgeleerde Johannes de Wet (1794-1875) en Adriana Dorothea Horak (1787-1868). Johannes de Wet was 'n geleerde, gekultiveerde man, 'n groot boekliefhebber, ondersteuner van Hollandse onderwys en later lid, en self vir 'n kort ruk President, van die eerste Kaapse Wetgewende Vergadering. Marie en haar suster Margaretha het in Strandstraat 23 grootgeword waar hulle met al die vooraanstaande persone in Kaapstad kennis gemaak het en 'n besondere opvoeding in die kunste en tale geniet het. Sy is in 1864 getroud met Johan Christoffel Koopmans, 'n Nederlander wat hom aan die Kaap kom vestig het aanvanklik as offisier in die Brits-Duitse legioen op die oosgrens, later as buitelandse korrespondent van die poskantoor en uiteindelik as ampswag van die Wetgewende Vergadering. Hy was ses tale magtig en met Marie se vloeiende gebruik van Frans, Duits en Engels was hulle huis 'n welkome besoekpunt van mense uit verskillende wêrelddele en agtergronde. Met die dood van haar ouers en haar man kom haar suster by haar woon in die Kaaps-Hollandse herehuis Strandstraat 23. In 1881 onderneem sy vir die eerste keer 'n reis na Europa waar sy deur haar Koopmans-familie hartlik ontvang word. Hier ontmoet sy vir die eerste keer die agtienjarige Frans Vredenrijk Engelenburg. Hy is dadelik met sy tante beïndruk en met haar tweede besoek vergesel hy haar op 'n meer uitgebreide Europese reis as in 1881 waartydens hulle belangrike kunsmuseums besoek en oor vele sake van openbare belang indringende gesprek voer. Hulle raak besonder aangetrokke tot mekaar.

Frans Vredenrijk Engelenburg stam ook uit 'n gesiene Nederlandse familie vir wie geleerdheid belangrik was. Sy vader was advokaat Frans Thomas Vredenrijk Engelenburg en sy moeder Anna Maria Koopmans in Arnhem. Marie Koopmans de Wet se man Johan Christoffel Koopmans was haar broer. Engelenburg begin 'n gereelde korrespondensie met haar en maak so kennis met die gebeure en toestande in Suid-Afrika. As student aan Leiden is hy aktief en toon reeds die wye belangstellings wat later sy lewe sou kenmerk. Die ongelukkige egskeiding van sy ouers en die feit dat hy toenemend in die joernalistiek eerder as die regte betrokke raak, sou 'n belangrike invloed op sy lewe uitoefen. Sedert 1889 het hy as Den Haagse korrespondent van *De Volkstem* opgetree. Klaarblyklik onder die invloed van sy tante neem hy in 1889 die besluit om na Suid-Afrika te kom en werk as joernalis in Pretoria te probeer vind. So begin 'n merkwaardige loopbaan wat sou meebring dat hy eienaar van *De Volkstem* en 'n persoon van buitengewone invloed nie net in Kruger se Zuid-Afrikaansche Republiek nie maar ook in Suid-Afrika sou word. Soos Marie Koopmans-De Wet het hy die besondere vermoë gehad om diverse mense aan te trek, 'n wye netwerk van persoonlike kennisse en kontakte oor die hele wêreld op te bou en menige jongmense en kunstenaars onder sy vleuels te neem. Hy is 'n gereelde besoeker aan Strandstraat 23 waar hy met al die politieke leiers van Suid-Afrika en Brittanje kennis maak en is hy in persoonlike korrespondensie met politieke en kuns persoon;likhede in bykans elke betekenisvolle land in

Europa. Hy skaar hom onomwonde aan Kruger en die Boererepublieke se kant, word 'n kampvegter vir Afrikaans en 'n stigterslid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die invloedryke Engelenburg wat ewe tuis in die Hollandse as die Engelse klub in Pretoria was, wat persoonlike kennis met o.a Rhodes, Smuts, Botha, Hertzog en FS Malan opgebou het, was 'n unieke figuur in die konserwatiewe gemeenskap van Pretoria. Hy is eers op een-en-sestigjarige leeftyd getroud, was 'n wyn- en koskenner, kunsversamelaar, sigaarkenner, altyd deftig geklee, onberispelik gemanierd, onafhanklik en selfstandig, pionier van die radiowese en van vliegtuie in Suid-Afrika. Sy lewenstyl het nie werklik ingepas by die patroon van Pretoria se leiersfigure nie, maar daar was nooit groot konflik tussen hulle nie. Hulle het hom met die hoogste agting en waardering behandel. Hy was die ruggraat van die Akademie.[7] Hoewel hy by die opstel van die manifes van die Het Volk-party in 1906 betrokke was en sy lewe lank 'n ondersteuner van die Suid-Afrikaanse Party was, was hy nooit 'n sigbare politieke figuur nie. Hy was nie werklik 'n politieke mens nie. Daar kon byvoorbeeld geen bewyse gevind word dat hy ooit met FS Malan oor laasgenoemde se standpunt ten gunste van die uitbreiding van die Kaapse stemreg na die res van die land in korrespondensie was nie of dat hy ooit daaroor standpunt ingeneem het.

Francois Stephanus Malan was 'n Bolandse plaasseun. Gebore op Bovlei naby Wellington (12 Maart 1871) groei hy in 'n vooraanstaande en sterk Christelike huis op as die sesde geslag van Hugenote afkoms. Vier broers uit die gesin van veertien kinders bereik belangrike mylpale. FS studeer natuurwetenskappe aan die Victoria Kollege waar hy die tydgenoot is van o.a. CJ Langenhoven, Jan Smuts en Barry Hertzog. Hy het dit ernstig oorweeg om predikant te word, maar in 1893 vertrek hy na Cambridge waar hy aan die Christ College regte studeer. Die vier broers broers sou betekenisvolle rolle in Suid-Afrika speel. FS word 'n kabinetsminister in die regering van die Suid-Afrikaanse Party, Charl Wynand een in die Nasionale Party-regering, Daniël Gerhardus professor in Teologie aan die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch en David Johannes predikant op Swellendam. In 1895 keer FS na die Kaap terug waar hy spoedig ingeskakel word in die vriendekring van Marie Koopmans-de Wet en waar hy nie net al die politieke leiers van die tyd ontmoet nie maar ook die redakteur van *De Volkstem* FV Engelenburg. Net soos Engelenburg word hy as advokaat toegelaat maar kort daarna bied Jan Hendrik Hofmeyr hom die redakteurskap van *Ons Land*, die orgaan van die Afrikanerbond, aan. Die gevestigde Hollandse koerant *De Zuid-Afrikaan* is pas die vorige jaar by *Ons Land* ingelyf. Malan en Engelenburg het dus al twee invloedryke mondstukke tot hulle beskikking en dit is begryplik dat daar heelwat gemeenskaplike belange was wat hulle by elke ontmoeting kon bespreek. Malan erken dat hy dikwels van sy artikels in die koerant eers aan Marie Koopmans-de Wet vir goedkeuring en advies voorgelê het terwyl sy ook Engelenburg per korrespondensie oor veral Kaapse toestande ingelig het. Na die Jameson-inval, wat tot die breuk tussen Hofmeyr en Rhodes lei, beweeg sowel Hofmeyr as Malan na 'n sterker simpatieke houding teenoor Paul Kruger en die Boererepublieke wat dus nog 'n band tussen hom en Engelenburg skep. Tydens die oorlog word Engelenburg na die Kaap gedeporteer maar kry hy toestemming om na Portugal te gaan waar hy vir die res van die oorlog vertoef. Tydens die oorlog Malan beland in die tronk vanweë 'n berig wat hy oor die Engelse troepe onder leiding van lt. genl sir John DP French gepubliseer het. Marie Koopmans-de Wet se huis word die sentrum waarvandaan

7 Vgl. PH Kapp: *Draer van 'n Droom. Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 1909-2009,* wat op talle plekke na Engelenburg se rol verwys. (Hemel en See Boeke, Hermanus, 2009).

uitgebreide insamelings gehou word en goedere uit Europa na die vrouens en kinders in konsentrasiekampe gestuur word. Sy help vroue optogte van protes teen die oorlog organiseer. Hierin geniet sy die volle ondersteuning en hulp van Malan en Engelenburg.

Nog 'n saak wat al drie na aan die hart gelê het, was die onderwys, veral die bevordering van onderrig in Hollands. In haar testament het Marie Koopmans-de Wet geld bemaak om dié onderwys te bevorder. In 1908 het Malan kabinetsminister in die Kaapse Wetgewende Vergadering geword. Daar was algemene verwagting dat hy die opvolger van Jan Hendrik Hofmeyr as leier van die Afrikanerbond sou word – iets wat nie gebeur het nie omdat die partypolitiek na 1912 'n ander wending geneem het. Malan was aangedaan toe die Nasionale Konvensie artikel 137 oor die gelykheid van Engels en Hollands as ampstale aanvaar het.[8] Op die stigtingsvergadering van die Akademie het hy hom onomwonde ten gunste van taalgelykheid in die praktyk uitgespreek. Op hierdie gebied sou hy en Engelenburg gereeld saamwerk. Dit was Engelenburg wat byvoorbeeld in 1913 die leiding geneem het in die Akademie se inisiatief om aan die Crewe-kommissie, wat aangewys is om die praktiese toepassing van artikel 137 in veral die onderwys te ondersoek, 'n memorandum oor moedertaalonderwys voorgelê het. Engelenburg het geweet dat die memorandum gunstige ontvangs by FS Malan as minister van Onderwys sou ontvang. Dit was een van die spoorslae tot die besluit van 1914 om die gelykheid van die twee tale tot op standerd 4 vlak te erken en af te dwing. Hoe goed die samewerking tussen Malan en Engelenburg was, word ook duidelik as in aanmerking geneem word dat hulle soms saam op die Raad van die Akademie gedien het, waar Engelenburg voorsitter was van 1925-1927 en weer van 1930-1932 en FS Malan van 1927-1929 en weer van 1934-1937. Hulle twee was ook stigterslede van die Suid-Afrikaanse Nasionale Vereniging wat in 1905 in die Kaapkolonie gestig is Die voorsitter was regter Henry de Villiers en die doel was om by die publiek 'n liefde en waardering vir die bewaring van ou historiese geboue, plekke en kunsskatte te ontwikkel. Die Nasionale Monumentekommissie het in 1923 uit hierdie inisiatief ontwikkel.[9] Albei was ook lede van die eerste Suid-Afrikaanse Argiefkommissie waarvan Malan later die voorsitter was. Die mooiste voorbeeld van die onbekende driemanskap se kulturele nalatenskap aan Suid-Afrika is die Marie Koopmans-de Wet huis in Strandstraat 23.[10] Nuwe bronne wat in die argief van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns[11] aan die lig gekom het, toon die groot invloed wat Engelenburg in hierdie verband op Malan,

---

8 FS Malan: *Die Konvensiedagboek van FS Malan,* pp 18-24 (Van Riebeeck-vereniging nommer 32, Kaapstad, 1951).

9 PH Kapp: *Draer van 'n droom*, p 241.

10 Die presiese verhaal van hoe die Marie Koopmans-de Wet Huis vir bewaring behou is, is relatief onbekend. In brosjures van die museum soos byvoorbeeld JR Finch: *Illustrated guide to the Koopmans-de Wet House,* in 1949 deur die Suid-Afrikaanse Museum uitgegee, sowel as in die brosjure *Die Koopmans-de Wet Huis* wat later deur die museum uitgegee is en wat deur Mary Cooke geskryf is hoewel dit nie vermeld word nie, word hoofsaaklik oor die huis se interieur en die versameling oudhede geskryf. Mary Cooke gee wel die geskiedenis van die grondbesitters van die erf, maar nie een vertel die verhaal van hoe die huis vir bewaring behou is nie. JJ Oberholster *Die Historiese Monumente van Suid-Afrika* (Uitgegee deur die Rembrandt van Rijn Stigting in 1972) meld net dat die huis in 1913 "danksy openbare bydraes en met regeringsteun" (bladsy 28) bewaar is. Daar word geen melding gemaak van Engelenburg en Malan se rolle nie.

11 Vervolgens word net elke keer na die Akademie se argief by INEG in Bloemfontein verwys. Die presiese reeks waarin die dokumente voorkom is reeks 33 Algemeen, lêer 10: Die Engelenburg-Marie Koopmans-De Wet- versameling.

wat in die openbaar die meeste eer vir die verklaring van die huis tot nasionale gedenkwaardigheid kry, uitgeoefen het. Engelenburg was die eintlike dryfkrag agter die aankoop en bewaring van die Marie Koopmans- De Wet huis. Die versameling bestaan uit altesame 97 dokumente, foto's en koerantknipsels.

## 2. 'n Besondere vrou

Uit die Engelenburg-dokumente kry 'n mens ook bevestiging van die besondere vrou wat Marie Koopmans-De Wet was. Daar is briewe wat handel oor haar insamelings ten bate van die vroue en kinders in die konsentrasiekampe, hoe sy dit versprei het, watter hulp sy van Engelenburg ontvang en haar korrespondensie met Emily Hobhouse. Met Paul Kruger se dood in 1904 stuur sy 'n brief *Aan mijnen broeders en zusters in de Transvaal.* Oor Paul Kruger skryf sy: *Paul Kruger lewend was een kracht. Paul Kruger gestorven in den vreemde is een begeesterd kracht. Onze heengegane broeder zal thans men hoor ons allen zijn, zijn voorbeeld as Christen, als held, als martelaar.* Haar begrafnis in Kaapstad was 'n besondere gebeurtenis. Oud-president MT Steyn het die huldigingsrede gelewer by die begrafnisdiens gelei deur prof. Adriaan Moorrees van die Kweekskool op Stellenbosch terwyl die rede by die graf deur prof. IJ Marais gelewer is. FS Malan het in sy koerant na haar verwys as *Vorstin haar volks.*[12] Op 13 November 1905, toe sy alreeds besef het dat die dood naby is, het sy versoek dat daar geen huldebetuigings by haar graf gelewer word nie en geen blomme of kranse op haar graf moes wees nie. *God alleen weet hoe gering mijn beste pogingen waren....Mijn volk heb ik lief gehad en getracht voor te leven.* Sy was een van die stigters van die tydskrif *De Goede Hoop,* 'n groot ondersteuner van *Onze Taal* en het Frans, Duits, Italiaans en Engels vlot gepraat. Jan Hendrik Hofmeyr het haar beskryf as 'n *vrouw soos Zuid-Afrika geen tweede heeft geleverd...Aan zeldzame fierheid, moed en vasberadenheid (hoedanigheden die uit haar heel imposante houding en fonkelende ogen spraken) vooral waar dit gold een in bresse treden voor de rechten en vrijheden van haar verongelijkt volk.* Olive Schreiner het haar beskryf as 'n vrou van besondere intellektuele vermoëns, een wat geen vrees of benoudheid geken het nie selfs nie tydens die smartlike onderdrukking van die oorlog nie. Sy sal nou en in die toekoms deur alle politieke groepe en alle rasse gedenk word om haar onverskrokke persoonlikheid. Louis Botha het haar geëer om *Hare daden, waaruit menslievendheid en patriotisme warm en diep spreken* en genl. Smuts het haar bestempel as *een inspirerend figuur op Afrikaans gebied in de Kaapkolonie.*[13]

In 'n telegram aan Engelenburg het Jan Smuts soos volg oor haar getuig: *Wie die haar gekent heeft,kan haar nooit vergeten! – De tedere sympathie in alle leed, dit milde hand in alle nooddrift, zo wel bekend aan Transvaalsche weduween en wezen, dat warme hart voor al wat schoon en edel was, die hartstochtelijke liefde het Afrikaansche volk, die heldenmoed, welke in dagen van storm en gevaar – toe zelfs rotzen wankelden – de Afrikaanssche vlag omhoog hielt aan Tafelbergs voet.*[14]

12 De Zuid-Afrikaan Verenigd met Ons Land, 4.8.1906.

13 Hierdie eerbetuigings kom uit bogenoemde artikel.

14 SAAWEK-argief: Item 83: Telegram van Jan Smuts by nuus van afsterwe van Marie Koopmans-De Wet.

### 3. Twee vriende en bewonderaars

Malan en Engelenburg was gereelde besoekers by die bedlêende Marie gedurende 1906. Op 25 Junie 1906 het sy die behartiging van al haar persoonlike sake aan die twee opgedra. Hulle twee is heelwat later as die eksekuteurs van haar boedel aangestel. Sy en haar suster se gesamentlike testament, gedateer 24 Desember 1902, het bepaal dat die langslewende die vruggebruik van alles sou besit maar dat die Eksekuteurskamer as eksekuteur aangestel word. Margaretha het later 'n kodisil toegevoeg wat bepaalde afwykings van die oorspronklike testament was en dit het tot 'n uitgerekte hofsaak ontwikkel oor wat geldig en wat nie geldig is nie.[15] Onder andere is naas die twee ook dr. F Purcell en Joseph Bridger tot eksekuteurs benoem. Die Eksekuteurskamer het die saak na die Hooggeregshof geneem wat beslis het dat die kodisil *ultra vires* is en dat die aanstelling van die ander eksekuteurs gekanselleer word. Die Eksekuteurskamer het te kenne gegee dat hulle die huis gaan opveil asook die bates waarna nie spesifiek in die testament verwys word nie.[16] Engelenburg het nog gepoog dat hy en Malan wel as eksekuteurs van Margaret se boedel aanbly maar die Ekseketeurskamer sou die boedel as 'n eenheid hanteer.[17] Volgens die *First Liquidation and Distribution Account* het die twee susters se boedel gesamentlike kontant van £12 623-2-10 verteenwoordig.[18] Van die kontantbemakings is uiteindelik net 11 sjielings in die pond uitbetaal.[19] Engelenburg was nog hoopvol dat die grafsteen wat hulle op die familie se graf laat aanbring het, uit die boedel betaal sou kon word maar uiteindelik moes hy en Malan elkeen £50 bydra om die grafsteen moontlik te maak. [20] Hulle het ook die grafskrif van die gesamentlike familiegraf laat aanbring: *Volbragte is hunne reizen. Hier rust Johannes de Wet LL.D. 1794-1875, Waarnemende President van die Wetgewende Raad Kaapkolonie; Adriana Dorotheas de Wet1796-1868 geb. Horak, zijn echtgenote; Johannes Christoffel Koopmans 1830-1879; Maria Magdalena Koopmans, 1834-1906 geb. De Wet, zijn echtgenote; Margaretha Jacoba de Wet, 1838-1909.*[21]

Marie Koopmans de Wet het in haar testament sekere voorkeur bemakings gedoen. Sy het die wens uitgespreek dat die huis na haar suster se dood vir drie maande leeg moes staan waarna dit aan iemand tydelik verhuur kon word. Maar uiteindelik moet die huis en die oorblywende meubels per openbare veiling verkoop word. Van hierdie spesifieke bemakings is insiggewend. Haar boeke en 'n aantal meubels word aan die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch bemaak asook 'n beursfonds vir die opleiding van predikante op voorwaarde dat die meubels in een vertrek bymekaar gehou word. Ander meubels en skilderye word aan die stad Kaapstad bemaak op voorwaarde dat dit an 'n eenheid in die De Wet-kamer bewaar

---

15 SAAWEK-argief: Item 66: Regsmening van adv Scheepers, ongedateer; item 67: knipsel uit *Ons Land;* item 68: enkel bladsy dokument oor die testament; item 69: nog 'n regsmening van adv Scheepers gedateer 27.5.1912; item 75: die gedrukte testament; item 76 : die kodisil van Margaretha gedateer 8.2.1911.

16 SAAWEK-argief: Item 49: Eksekuteurskamer – Meester van die Hooggeregshof, 2.12.1912.

17 SAAWEK-argief: Item 50: Engelenburg – Eksekuteurskamer 18.12.1912; item 51: Eksekuteurskamer – Engelenburg 30.12.1912.

18 SAAWEK-argief: Item 53: Eksekuteurskamer – Engelenburg 4.6.1913.

19 SAAWEK-argief: Item 58: Eksekuteurskamer – Engelenburg 27.2..1914.

20 SAAWEK-argief: Item 59: Eksekuteurskamer – Engelenburg 5.3.1914.

21 SAAWEK-argief: Item 62.

word; Engelenburg ontvang haar silwer eetgerei en haar bed word bemaak aan FS Malan se seun Jacques.[22]

Malan het veral die onderhandelinge met die Kweekskool hanteer en spoedig tot die gevolgtrekking gekom dat dié bepaling nie uitgevoer sal kan word nie omdat die professore nie hulle weg oopgesien het om 'n De Wet-kamer in te rig nie. Malan en Engelenburg was op hierdie vroeë stadium reeds oortuig daarvan dat die huis vir die nageslag bewaar moes word en het reeds in hierdie rigting begin werk.[23] Engelenburg het die oplossing aan die hand gedoen wat deur prof. IJ Marais namens die Kweekskool aanvaar is, nl dat die Kweekskool nie 'n De Wet-kamer kan inrig nie en dat dit daarom beter sal wees om die huis as 'n eenheid te bewaar.[24]

### 4. Die bewaring van Marie Koopmans-De Wet Huis

Malan en Engelenburg het begin met 'n openbare veldtog om die gebou deur die stad Kaapstad of die staat aangekoop te kry. Malan se groot Kaapse invloed was belangrik terwyl Engelenburg weer op sy beurt in Pretoria sy invloed by Louis Botha sou gebruik om hom by die saak betrek te kry. Op hulle aandrang het die burgemeester van Kaapstad aan die Eerste Minister geskryf om die stad Kaapstad en die Vereniging van Munisipale Korporasies se steun toe te sê aan die bewaringspoging.[25]

Engelenburg het ook Herbert Baker en Arthur Reid, President van die Kaapse Instituut van Argitekte, se steun gewerf.[26] Sir Henry de Villiers het as voorsitter ook die Raad van die Kaapse *National Society of South Africa* sy gewig ingegooi.[27] Selfs uit Rhodesië het die argitek Francis Massey, wat 'n goeie vriend van Marie Koopmans-de Wet was, vertel hoe sy gehelp keer het dat Cecil Rhodes 'n deel van die kasteel afbreek om die pad reguit te maak, watter rol sy gespeel het om die portico van die ou *Town House* te herbou is en hoe sy gehelp keer het dat dat die ou binnehof van Groot Constantia nie gevandaliseer word om die wynkelder te vergroot nie.[28] Dit is op Malan se aandrang dat Massey die saak in 'n brief in die *Cape Times* gepropageer het.[29]

Die regering was aanvanklik nie gewillig om die huis aan te koop nie omdat hulle voorkeur gegee het aan die spoedige oorname van die Goede Hoop Casteel. Dit was vir Malan 'n groot teleurstelling en hy het hom na Engelenburg gewend vir advies.[30] Intussen is die

---

22 SAAWEK-argief: Item 7: Persoonlike notas van FV Engelenburg op instruksie van mev De Wet, 25.6.1906, 27.6.1906 en 28.6.1906.

23 SAAWEK-argief: Item 10: Malan-Engelenburg, 13.6.1909.

24 SAAWEK –argief: Item12: IJ Marais-Engelenburg en Malan, 11.11.1911.

25 SAAWEK-argief: Item 13: Burgemeester – Botha 14.11.1911.

26 SAAWEK-argief: Items 16 Baker-Engelenburg, 18.11.1911; 16 20.11.1911; 29 26.4.1912; 30 Maart 1912.

27 SAAWEK-argief: Item 14: De Villiers- Malan, 29.10.1912.

28 SAAWEK-argief: Items 20 Malan – Massey 28.11.1911 en 21: Massey – Malan 14.11.1911.

29 SAAWEK-argief: Item 26 Afskrif van Massey se brief aan *The Cape Times*.

30 SAAWEK-argief: Item 27: Malan-Engelenburg, 5.2.1912.

waarde van die skenking van meubels aan die Kweekskool op £7614-13-6 en aan privaat persone op £6182-3-3 vasgestel. Die waardeerders het die waarde van die huis op £7500 geskat.[31] Die Kweekskool het hierin 'n geleentheid gesien om te vra dat as die huis as 'n nasionale gedenkwaardigheid aangekoop word, die Kweekskool vir die waarde van die meubels vergoed moes word. Dit het Engelenburg ontstig en hy het beklemtoon dat hulle wens dat die staat die huis moet aankoop niks te doen het met hulle eksekuteurs aanstelling nie. Hulle pleit vir die aankoop en bewaring van die huis as "warme belangstellendes in 's lands maatschappelijke en artistieke historie".[32]

Engelenburg het hom hierna na die burgemeester van Kaapstad gewend en 'n volledige memorandum oor die historiese en artistieke waarde van die huis aan hom voorgelê. Hy het beklemtoon dat die huis in die agtiende eeu deur Louis Michel Thibault ontwerp is en dat dit die huis is waarin die beweging vir selfregering aan die Kaapkolonie deur leidende Kapenaars onder leiding van Johannes de Wet begin is.[33] Lede van die Stadsraad het daarop die huis besoek. Engelenburg moes klaarblyklik ook die saak met genl. Louis Botha opgeneem het want Botha het op 17 Januarie 1913 'n openbare vergadering van alle belangstellendes byeen geroep waar 'n groot komitee aangewys is om die saak van die aankoop en bewaring van die huis en inhoud verder te voer. Botha sou self die President van die komitee wees en Malan en Engelenburg is ingesluit in die lys van vooraanstaande Kapenaars wat die saak verder sou voer.[34]

In 'n ontmoeting met Botha op 10 Februarie 1913 het die regering ingestem om £3000 tot die komitee se beskikking te stel om die aankoop te bevorder. 'n Bydraelys is geopen wat 'n bedrag van £2366-13-10 opgelewer het. Die huis is op 8 April 1913 op 'n openbare veiling vir 'n bedrag van £2800 aangekoop. Die eiendom is aan die Suid-Afrikaanse Museum oorgedra wat dit moes bestuur en beheer. 'n Komitee is aangewys om uit die 2089 items in die boedel dit uit te soek wat van werklike historiese en kuns waarde was. Uit hierdie groep is 356 items uitgesoek en later nog 18 bygevoeg wat nie op die veilingslys voorgekom het nie. Die getal het 188 stukke pottebakkery, 69 meubelstukke en 5 plaaslik vervaardigde klerekaste van verskillende style en uit verskillende Suid-Afrikaanse houtsoorte vervaardig ingesluit. Daarbenewens is ook 13 dak en muur kandelabers van koper en 26 ander glas en koper items asook 28 Sheffield borde, 41 stukke silwerware, 110 items van glas en 147 Chinese en Japanese porseleinstukke by die versameling ingesluit.[35] Die Marie Koopmans- De Wethuis is op 10 Maart 1914 geopen as 'n *National Collection of Domestic & Local Antiquities.*[36]

Die Nasionale Monumentekommissie het die huis in 1940 tot nasionale gedenkwaardigheid geproklameer. Vandag staan dit daar sonder die erkenning van die rol van die vriendskap van drie mense.

---

31 SAAWEK-argief: Item 31: Eksekuteurskamer-Engelenburg, 13.2.1912.

32 SAAWEK-argief: Item 25: Engelenburg – Ds DS Botha, 1.1.21911.

33 SAAWEK-argief: Item 32: Memorandum deur Engelenburg aan die burgemeester van Kaapstad, Maart 1912.

34 SAAWEK-argief: Item 65: Notule van die vergadering van 27.1.1913 met die name van al die lede van die komitee.

35 SAAWEK-argief: Item 65: Aanhangsel by bogenoemde notule.

36 SAAWEK-argief: Item 60: Uitnodiging van die Suid-Afrikaanse Museum aan FV Engelenburg.